Die invloed van die Alexandrynse tekstradisie op Konstantyn se 50 Bybels in die vierde eeu

Gerrit D.S. Smit[1]

2026

OPSOMMING

Hoe het 'n Alexandrynse teks by Konstantinopel uitgekom, en wat het dit met die Bisantynse teks te doen? Hierdie artikel volg hoe die Griekse Nuwe Testament met drie stede in verband staan, naamlik Alexandrë, Konstantinopel en Antiochië.

Omstreeks 231 n.C. moes Origenes ná 'n konflik met biskop Demetrius uit Alexandrië vertrek. Hy het hom in Caesarea Maritima gevestig en sy manuskripte saamgebring. Pamphilus, en later Eusebius, het daar 'n biblioteek gebou waarin die Alexandrynse teks verteenwoordig is.

Omstreeks 331 n.C. het keiser Konstantyn vyftig Bybels vir die kerke van sy nuwe hoofstad by Eusebius bestel. Konstantinopel het toe nog nie ‘n eie manuskriptradisie gehad nie, en daarom is die eerste kerkbybels van die stad waarskynlik uit Caesarea se biblioteek oorgeskryf. Die artikel bespreek die vraag of Codex Sinaiticus en Codex Vaticanus met hierdie bestelling verband hou?

Die artikel bied die hipotese aan dat die Bisantynse teks nie in isolasie ontstaan het nie, maar eerder gegroei het vanuit die Alexandrynse tekste wat gebring is na Caesarea. Later is Antiocheense tekste uit die kring van Chrysostomos in die liturgie van die hoofstad bygevoeg.

Vroeë Egiptiese papiri toon dat sommige "Bisantynse" lesings ouer is as wat oorspronklik gedink is. Die argument is voorts dat die Alexandrynse teks wat Origenes na Caesarea gebring het, nie ‘n ander teks as die Bisantynse teks was nie, maar een van die bronne waaruit die Bisantynse tekstradisie ontstaan het.

[1] Prof. GDS Smit is hoof van die Departement Nuwe Testament aan die Afrikaanse Protestantse Akademie, en besoekende professor aan Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS).

Inleiding

Kort nadat Konstantinopel in 330 n.C. as nuwe hoofstad ingewy is, het keiser Konstantyn 'n brief gestuur aan Eusebius, biskop van Caesarea in Palestina. Die stad het op daardie stadium vinnig gegroei, nuwe kerke was gebou en die Christelike gemeentes het Bybels nodig gehad. Konstantyn vra daarom vir Eusebius om vyftig eksemplare van die Skrif te maak op goeie perkament, en hy stel die keiserlike posdiens beskikbaar om die Bybels na Konstantinopel te vervoer. Eusebius vertel hierdie verhaal in sy werk *Vita Constantini (Lewe van Konstantyn*, IV.36).

Dit was ‘n verrassende wending in die geskiedenis van die kerk. Die kerk wat 'n paar jaar tevore nog vervolg was deur die Romeinse owerheid, ontvang nou 'n Bybelbestelling van die keiser self. Daar lê egter 'n belangrike vraag in hierdie brief opgesluit. Watter teks van die Nuwe Testament het Eusebius en sy skrywers oorgeskryf? Waar het daardie teks vandaan gekom? En watter rol het Eusebius gespeel in die ontstaan van die Bisantynse teks, die teksvorm wat eeue lank in die Oosterse kerk die standaardteks was? Ons kyk net kortliks eers na die brief self.

Wat het die keiser gevra?

Dit is die moeite werd om Konstantyn se brief van naderby te bekyk, want die besonderhede vertel ons iets van die omvang van die projek. Die keiser vra vir vyftig σωμάτια ἐν διφθέραις ἐγκατασκεύοις[2] (*vyftig volumes op perkament, voorsien van leerbandversiering*) wat maklik leesbaar en draagbaar moes wees vir gebruik in die kerk. Hy beveel dat vakkundige skrywers of kalligrawe die werk moet doen. Hy gee verder opdrag aan die goewerneur in die provinsie om al die materiaal te voorsien, en hy stel twee staatswaens beskikbaar om die klaargemaakte Bybels na Konstantinopel te vervoer. 'n Diaken uit Konstantinopel sou die vrag vergesel.

'n Volledige Bybel op perkament het die velle van tientalle diere gekos, en die skryfwerk van een groot kodeks kon maande neem. Vyftig sulke boeke beteken 'n skriptorium wat op 'n byna industriële skaal moes werk. Konstantyn het die beste beskikbare biblioteek van die tyd gekies en die beste beskikbare geleerde van daardie tyd. Dat die keuse op Eusebius en die stad Caesarea geval het, is 'n getuienis van die invloedryke naam wat Caesarea teen daardie tyd as sentrum van geleerdheid gehad het.

[2] Die volledige frase lui: ὅπως ἂν πεντήκοντα σωμάτια ἐν διφθέραις ἐγκατασκεύοις εὐανάγνωστά τε καὶ πρὸς τὴν χρῆσιν εὐμετακόμιστα ὑπὸ τεχνιτῶν καλλιγράφων καὶ ἀκριβῶς τὴν τέχνην ἐπισταμένων γραφῆναι κελεύσειας.

Eusebius skryf in *Vita Constantini* IV.37 dat die boeke in kosbaar-versierde bande gestuur is, τρισσὰ καὶ τετρασσά (drievoudig en viervoudig). Wat hierdie twee woorde "drievoudig en viervoudig" presies beteken, is tot vandag toe 'n raaisel waaroor geleerdes verskil. Ons kom later terug hierna.

Origenes verhuis na Caesarea Maritima

Om te verstaan waarom die keiser juis Caesarea gekies het, en nie Alexandrië, een van die bekendste teologiese skole van die tyd nie, moet ons ongeveer honderd jaar teruggaan. Die agtergrond lê in 'n stryd wat in Alexandrië ontstaan het.

Origenes was vanaf ongeveer 203 n.C. die hoof van die kategetiese skool in Alexandrië. Hy was ongetwyfeld die grootste Bybelgeleerde van sy tyd, maar hy was nie 'n geordende leraar in Alexandrië nie. Toe die kerke in Palestina hom omstreeks 230 n.C. sonder die toestemming van sy eie biskop, Demetrius van Alexandrië, tot leraar orden, was Demetrius woedend daaroor. Eusebius skryf daaroor in een van sy bekendste werke, *Historia Ecclesiastica*[3] (*Kerkgeskiedenis*). Daarin vertel hy hoe Demetrius hom van sy pos by die Alexandrynse skool onthef het en die sinode in Alexandrië hom verbied het om ooit in Egipte as leraar op te tree. Die besluit het Origenes uit Alexandrië verdryf.

Origenes vestig hom omstreeks 231 n.C. in Caesarea Maritima. Dit was die Romeinse hawestad aan die Palestynse kus. Met die steun van biskop Theoktistus van Caesarea en sy ryk beskermheer, Ambrosius, begin hy daar 'n nuwe eksegetiese skool en ‘n groot biblioteek met Griekse boeke en tekste. Daar het hy gepreek, kommentare op die Bybel geskryf en die biblioteek uitgebou sodat dit later een van die belangrikste Christelike boekversamelings in die antieke wêreld sou word.

Die belangrike vraag is wat hy met hom saamgebring het toe hy van Alexandrië geban is? Die kategetiese skool in Alexandrië het nie die boeke van die leraars besit nie; 'n geleerde se manuskripte was normaalweg sy persoonlike eiendom. Dit is dus hoogs waarskynlik dat Origenes sy werkkopieë van die Griekse Nuwe Testament saamgeneem het. ‘n Mens kan jou nie indink dat hy sy lewe aan Skrifstudie en Bybelse manuskripte sou wy en sy Bybels in Alexandrië sou agterlaat nie. So het die Alexandrynse uitgawes van die teks van die Nuwe Testament in Caesarea gekom.

Origenes het meer as twintig jaar in Caesarea gewerk. Gedurende die vervolging onder keiser Decius is hy gevange geneem en gemartel, en kort daarna, omstreeks 253 of 254 n.C., is hy in Tirus oorlede. Sy boeke het egter in Caesarea agtergebly, en dit is hier waar die volgende groot figuur na vore tree.

[3]Vgl. *Historia Ecclesiastica*, VI.8; VI.23; VI.26.

Pamphilus, 'n ryk en geleerde man uit Berytus (die huidige Beiroet), het teen die einde van die derde eeu leraar in Caesarea geword. Hy het Origenes se nalatenskap, en veral die biblioteek, met groot toewyding versorg. Hy het voortgegaan om manuskripte te versamel, eiehandig afskrifte daarvan gemaak, tekste gekorrigeer en die biblioteek uitgebrei tot 'n versameling van duisende boekrolle en kodekse. Volgens berigte het hy self baie van Origenes se werke oorgeskryf op nuwe papirus.

Gedurende die tydperk wat bekend staan as die “Groot Vervolging” onder Diocletianus is Pamphilus gevange geneem, en in 310 n.C. het hy as martelaar gesterf. Tydens sy aanhouding in die tronk het hy saam met Eusebius aan 'n verdediging van Origenes gewerk.

Die kerkvader Eusebius was Pamphilus se leerling en vriend, en hy was so aan hom geheg dat hy homself na sy leermeester se dood "Eusebius van Pamphilus" genoem het. Eusebius het sy beroemde werk, die *Kerkgeskiedenis,* vanuit Caesarea geskryf met behulp van die boeke van Origenes en die biblioteek van Pamphilus. Drie geslagte kerkvaders het tot op hierdie stadium die biblioteek van leermeester na leerling oorgedra.

Hoe noukeurig hulle daar gewerk het, kan ons sien in ‘n getuienis wat in *Codex Sinaiticus* bewaar is. Aan die einde van twee van die Ou-Testamentiese boeke[4] het 'n latere skriptor notas aangebring dat die teks vergelyk is met 'n baie ou eksemplaar wat deur die martelaar Pamphilus self gekorrigeer is, en dat daardie eksemplaar weer met Origenes se *Hexapla* in ooreenstemming gebring is. Die biblioteek van Caesarea het dus nog lank na Pamphilus se dood as maatstaf vir 'n betroubare teks van die Bybel gegeld.

Later in die vierde eeu het twee van Eusebius se opvolgers, Acacius en Euzoius, begin om die verweerde papirusrolle op perkament oor te skryf, soos Hiëronimus vermeld. Die bekende Hiëronimus het self die biblioteek besoek en Origenes se *Hexapla* daar geraadpleeg vir sy vertaling van die Latynse Bybel. Die biblioteek, met al sy manuskripte, het ongelukkig met die Arabiese verowering van Caesarea in die sewende eeu verlore gegaan. Vir byna vier eeue was hierdie biblioteek aan die Middellandse See een van die belangrikste werkswinkels van die kerkvaders en die Bybelteks.

Die Alexandrynse teks

Wat bedoel ons met die "Alexandrynse teks"? Tekskritici groepeer die duisende Griekse manuskripte volgens ooreenkomste in styl en inhoud, wat teksfamilies genoem word.

[4] Aan die einde van 2 Esdras (Esra en Nehemia), en aan die einde van die boek Ester. Vgl. https://www.degruyterbrill.com/document/doi/10.1515/opth-2025-0081/html (Toegang: 19 November 2026).

Die Alexandrynse familie, wat uit Egipte afkomstig is, het 'n paar herkenbare eienskappe: dit het gewoonlik ‘n korter lesing, dit bevat moeiliker lesings, dit harmoniseer selde parallelle gedeeltes in die Evangelies, en dit is grammatikaal goed versorg. Die bekendste verteenwoordiger van die Alexandrynse tekste is die *Codex Vaticanus* uit die vierde eeu. Die Codex Vaticanus word nie so genoem omdat die Vatikaanstad iets met die manuskrip se ontstaan of geskiedenis te doen het nie, maar omdat die oorspronklike kopie daarvan vandag in die biblioteek van die Vatikaan in Rome gehuisves word.

Ons sien egter die vingerafdrukke van die Alexandrynse tekste in die tekste van Caesarea. Origenes se kommentare op Mattheus, Johannes en Romeine, wat hy in Caesarea geskryf het, haal die Nuwe Testament dikwels aan uit ‘n teks wat met die Alexandrynse teks ooreenstem. In Origenes se *Hexapla*, die reuse sinopsis van die Hebreeuse Ou Testament en sy oorlewende Griekse vertalings, sien ons dieselfde Alexandrynse ooreenkomste. Die afleiding wat ons kan maak is dat Origenes dus voortgegaan het om te werk met die Nuwe-Testamentiese teks wat hy uit Alexandrië gebring het. Ons sien hier dat Origenes 'n tekskultuur in Caesarea geplant het wat vir eeue in die vroeg-Christelike kerk gebruik was.

Eusebius haal op sy beurt in werke soos die *Demonstratio Evangelica* en die *Kerkgeskiedenis* die Nuwe Testament aan uit ‘n teks wat naby aan *Codex Vaticanus* is.

‘n Verdere opmerking is nodig. Sommige geleerdes praat van 'n afsonderlike "Caesareaanse teks", wat hulle beskou as 'n mengvorm van Alexandrynse en Westerse lesings wat met Origenes se latere werk en met Caesarea verbind word[5]. Ander, onder wie Kurt en Barbara Aland, twyfel of daar ooit so 'n selfstandige teksvorm was[6]. Die probleem is dat ons nie vandag enigsins ‘n manuskrip het wat as “Caesareaanse teks” bekendstaan nie en daarom kan ons die bestaan van so teks bevraagteken. Dat daar so ‘n eie manuskriptradisie was, bly dus hipoteties. Dit blyk meer voor-die-hand-liggend om te aanvaar dat Origenes en die geleerdes in Caesarea geput het uit die Alexandrynse tekste wat in die biblioteek daar sou wees, soos reeds aangetoon.

[5] Vgl. Metzger, Bruce M. *The Text of the New Testament: Its Transmission, Corruption, and Restoration*. 2nd ed. Oxford: Clarendon Press, 1968, 214-215.

[6] Aland, Kurt, and Barbara Aland. *The Text of the New Testament: An Introduction to the Critical Editions and to the Theory and Practice of Modern Textual Criticism*. Translated by Erroll F. Rhodes. 2nd ed. Grand Rapids: William B. Eerdmans, 1989, p. 66.

Origenes se werk

Origenes het bewustelik oor verskillende teksvariante van die Nuwe Testament nagedink. Sy geskrifte bevat van die vroegste besprekings van verskille tussen Nuwe-Testamentiese manuskripte. Ons staan by 3 voorbeelde stil.

In Johannes 1:28 lees die meeste manuskripte dat Johannes die Doper in Βηθανίᾳ (Betanië) oorkant die Jordaan gedoop het. Origenes erken dat byna al die afskrifte van die Johannes-evangelie wat hy kon vind, so lees, maar hy verkies om die vers te lees as Βηθαβαρᾷ (Betabara)[7]. Hy het gemeen dat dit geografies meer sin maak. Hy het die streek self besoek en kon nie ‘n Betanië by Jerusalem oorkant die Jordaan vind nie, en daarom vind ons in sy Griekse weergawe van Johannes die woord Betabara.

In Hebreërs 2:9 meld Origenes twee lesings: Christus het die dood gesmaak χάριτι θεοῦ (deur die genade van God), of χωρὶς θεοῦ (sonder God). Hy bespreek albei en weeg hulle teologies teen mekaar op, maar hy maak nie 'n finale keuse tussen hulle nie[8].

In Mattheus 27:16-17 noem hy dat hy weet van manuskripte wat die gevangene ’Ιησοῦν Βαραββᾶν (Jesus Barabbas) noem, maar hy reken dat die naam Jesus nie by 'n misdadiger hoort nie en dat dit later ingevoeg is.

Hierdie voorbeelde wys eerstens dat Origenes met meer as een manuskrip moes gewerk het om die verskille raak te kon sien en tweedens het hy nie blindelings die kortste of die langste lesing gekies nie, maar historiese, geografiese en teologiese argumente opgeweeg. Dit is die metode van Bybelverklaring wat hierna in Caesarea gevolg sou word.

Eusebius se werk

Eusebius word gewoonlik as die "vader van die kerkgeskiedenis" beskou, maar hy was nietemin ‘n uitstaande Bybelgeleerde. Sy bekendste bydrae tot die Bybelteks is die sogenaamde *Eusebiaanse kanons*. In 'n brief aan 'n sekere Karpianus verduidelik hy 'n stelsel waarin die teks van die vier Evangelies in genommerde gedeeltes verdeel word. Tien tabelle wys dan watter gedeeltes in al vier Evangelies voorkom, watter in drie, watter in twee en watter net in een. Dit was 'n vroeë sinopsis van die evangelies wat as 'n hulpmiddel gedien het waarmee 'n skrywer parallelle gedeeltes kon opspoor sonder om die teks self te verander.

[7] Origenes, Kommentaar op Johannes, 6.24.
[8] Origenes, Kommentaar op Johannes 1.35 en 40.

Eusebius se stelsel was so nuttig dat dit eeue lank in Griekse, Latynse, Siriese en Armeense manuskripte oorgeneem is. Wat wel interessant is, is dat die kanons ook in talle Bisantynse manuskripte voorkom. Dit gee vir ons ‘n leidraad dat die Caesareaanse tekstradisie wel deeglik ’n vastrapplek in die latere Bisantynse tradisie gekry het. Dit bewys nog nie dat die Bisantynse teks uitsluitlik uit Caesarea kom nie, maar dit toon dat Caesarea se invloed op die latere tradisie nie net hipoteties is nie.

Dit bring ons terug by die bestelling van die vyftig Bybels in die vierde eeu. Waarom is Caesarea so belangrik vir die vyftig Bybels? Omdat Eusebius primêr daarvoor verantwoordelik was en die keiserlike biblioteek in Konstantinopel eers later in die vierde eeu onder Konstantius II gestig is. Eusebius vertel van die opdrag wat hy gekry het, maar noem geen bronne of biblioteek nie. Hy meld dat hy in Caesarea gewerk het aan die opdrag en die afleiding is voor-die-hand-liggend: hy moes die eksemplare van die tekste in Caesarea se biblioteek gebruik het wat Origenes gevestig en Pamphilus uitgebou het. Dit beteken dat die eerste amptelike kerkbybels van Konstantinopel nie 'n plaaslike tekstradisie gebruik het nie, maar die tekste uit Palestina, met 'n Alexandrynse vingerafdruk. Of enige van daardie Bybels, of ’n direkte kopie daarvan, vandag nog bestaan, is 'n goeie vraag.

Ons het reeds gesien dat Eusebius sê hy het die boeke drievoudig en viervoudig gestuur. Die uitdrukking het verskillende verklarings uitgelok. Sommige verstaan dit as 'n verwysing na die manier waarop die boeke saamgebind was[9], in bundels van drie of vier gevoude velle. Ander dink aan die versending, in pakkies van drie en vier. 'n Derde verklaring is dat dit na die bladuitleg verwys, naamlik bladsye met drie of vier kolomme van die teks[10].

As die derde verklaring reg is, is daar veral twee manuskripte wat hierby betrek word. Codex Vaticanus, uit die middel van die vierde eeu, is in drie kolomme per bladsy geskryf. Codex Sinaïticus, uit dieselfde tyd, het vier kolomme per bladsy. Dit is die twee oudste byna volledige Griekse Bybels wat ons besit, en albei verteenwoordig in die Nuwe Testament die Alexandrynse teks. Von Tischendorf, wat Codex Sinaïticus in die negentiende eeu in die St. Katarina-klooster op Sinai ontdek het, het ook gewonder of dit dalk een van Konstantyn se Bybels kon wees[11].

[9] Vgl. Scrivener, F. H. A. *A Plain Introduction to the Criticism of the New Testament*. 4th ed., vol. 1. London: George Bell & Sons, 1894, pp. 119-120.
[10] *Ibid.*
[11] Tischendorf, Inleiding op die Grikese Nuwe Testament (*Novum Testamentum Graece ex Sinaitico Codice),* Prolegomena, p. XII.

Die Britse paleograaf, T.C. Skeat, het in 1999 aangevoer dat albei kodekse in Caesarea vervaardig is met Konstantyn se bestelling[12]. Hy meen dat Sinaïticus moontlik een van die vyftig was, en dat Vaticanus moontlik 'n eksemplaar was wat om een of ander rede nie gestuur is nie. Dit is ook opvallend dat Sinaïticus die Eusebiaanse afdelingsnommers in die Evangelies bevat.

Dit bly egter ‘n hipotese, want Vaticanus bevat nie die Eusebiaanse kanons nie, wat vreemd sou wees vir 'n manuskrip wat onder Eusebius se toesig gemaak sou wees. Die woorde drievoudig en viervoudig kan heel goed na die binding of versending verwys. Die mees verantwoordelike slotsom is dus dat ons nie kan bewys dat Sinaïticus of Vaticanus een van Konstantyn se Bybels was nie, maar dat dit nie uitgesluit kan word nie.

Die Bisantynse teks

Die “Bisantynse teks” is die familie van Nuwe-Testamentiese tekste wat die oorgrote meerderheid Griekse manuskripte verteenwoordig. Dit is vollediger as die Alexandrynse tekste, harmoniseer dikwels parallelle gedeeltes in die Evangelies en lees makliker.

Oor die herkoms daarvan is daar twee hoofargumente:

Die meerderheid geleerdes voer aan dat die Bisantynse teks 'n later en redaksioneel verwerkte vorm van die Griekse Nuwe Testament is. Hulle reken dat dit in die kerke van die Ooste uit bestaande Westerse tekste saamgestel was, en vervolgens nie die oudste manuskriptradisie verteenwoordig nie.

Ander geleerdes, waaronder veral Harry Sturz se naam genoem kan word, het aangetoon dat baie van die tipies Bisantynse lesings reeds in vroeë papiri voorkom, en dus baie ouer is as wat vroeër gereken is[13]. Maurice Robinson beklemtoon eweneens kontinuïteit eerder as 'n breuk[14]. Robinson toon oortuigend aan dat die Bisantynse tekstradisie nie ‘n vierde-eeuse mengsel van tekste was nie, maar teruggevind kan word in die oudste papiri van die tweede eeu en later.

---

[12] Hy bespreek dit in sy artikel: Skeat, T. C. *“The Codex Sinaiticus, the Codex Vaticanus and Constantine.”* The Journal of Theological Studies 50, no. 2, 1999, pp. 583–625.

[13] Sturz, Harry A. *The Byzantine Text-Type and New Testament Textual Criticism*. Nashville: Thomas Nelson, 1984, p. 55.

[14] Vergelyk Robinson se inleiding in: Robinson, Maurice A., and William G. Pierpont. *The New Testament in the Original Greek: Byzantine Textform 2005*. Southborough, MA: Chilton Book Publishing, 2005.

Hier speel die Oxyrhynchus-papiri 'n sleutelrol. Hierdie fragmente is in die stad Oxyrhynchus in Egipte gevind en dateer meestal uit die tweede en derde eeu. Hulle wys op 'n groot verskeidenheid van tekste voor enige standaardisering plaasgevind het en sommige lesings wat ons as "Bisantyns" sou beskou, kom reeds daarin voor.

Die negentiende-eeuse geleerdes, Westcott en Hort, het beweer dat die tipies Bisantynse lesings nie voor die vierde eeu voorgekom het nie. Hulle het dit as bewys gebruik dat die Bisantynse teks 'n latere of selfs kunsmatige skepping was. Daarna is die bekende papiri uit Egipte ontdek: die Chester Beatty-papiri (soos papirus 45 en 46) en die Bodmer-papiri (soos papirus 66 en 75), wat almal uit die tweede en derde eeu gedateer word. Die Nuwe-Testamentiese tekskritiek het vervolgens in die twintigste eeu die meerderheidsmening gevolg en die Alexandrynse tekste as die mees betroubare en oudste manuskripte van die Nuwe Testament aanvaar. Sturz het egter aangetoon dat 'n hele aantal lesings wat voorheen as "laat" en "Bisantyns" afgemaak is, reeds ook in hierdie vroeë papiri uit Alexandrië staan[15]. Die afleiding wat ons hieruit kan maak is dat die Bisantynse tradisie self baie oud is, hoewel die Bisantynse teks as geheel eers later gestandaardiseer is.

Dit beteken egter nie dat die genoemde papiri Bisantynse manuskripte is of uit die Bisantynse tradisie kom nie. In hulle geheel staan hulle naaste aan die Alexandrynse tekste, en dit is juis die punt wat ek wil maak. In die Egiptiese papiri, of hulle nou uit Oxyrhynchus of elders kom, vind ons Alexandrynse en Bisantynse lesings langs mekaar in dieselfde manuskripte, wat bewys dat die finale grens wat moderne geleerdes tussen teksfamilies trek, nie in die tweede en derde eeu bestaan het nie.

Antiochië as ander moontlikheid

Die tradisionele verklaring van die Bisantynse teks se herkoms, lê in Antiochië in Sirië. Dit was veral Westcott en Hort se mening[16]. Hulle het die Bisantynse teks die "Siriese" teks genoem en dit verbind met Lucianus van Antiochië[17], 'n Christengeleerde wat in 312 n.C. as martelaar gesterf het. Die kerkvader Hiëronimus noem in sy voorwoord tot die Evangelies wel manuskripte wat na Lucianus vernoem is[18], maar ons weet nie presies watter teks hulle bevat het nie.

---

[15] Vgl. Sturz, Harry A. *The Byzantine Text-Type and New Testament Textual Criticism.* Nashville: Thomas Nelson, 1984, pp. 61-62.

[16] Vgl. Westcott, B. F., and F. J. A. Hort. *The New Testament in the Original Greek*. Vol. 2: *Introduction and Appendix*. Cambridge: Macmillan, 1881, pp. 132-135.

[17] *Ibid.* pp. 137-138.

[18] *Praefatio in Evangelia*, 525-530.

Vir die Antiocheense herkoms het ons een sterk getuie. Johannes Chrysostomos het tot 397 in Antiochië gepreek en is in 398 as aartsbiskop van Konstantinopel aangestel. Sy talle preke oor die Evangelies en die briewe van Paulus haal die Nuwe Testament aan uit tekste wat baie naby aan die latere Bisantynse teks is.

Moet ons dan tussen Caesarea en Antiochië kies? Nie noodwendig nie. Dit is heel moontlik dat die Bisantynse teks ontwikkel het waar hierdie twee strome in Konstantinopel saamgevloei het. Dit is presies die soort interaksie tussen tradisies wat my skematiese model, wat ek in 2017 aangebied het, veronderstel[19].

'n Brug tussen twee tradisies

In my referaat, getiteld: *Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die grondteks van die Nuwe Testament* (2017) het ek 'n skematiese voorstelling gegee van hoe die Alexandrynse, Westerse en Bisantynse tekstradisies met mekaar verband hou. Die kern daarvan is dat die Bisantynse teks nie in isolasie ontstaan het nie, maar die produk was van interaksie tussen tradisies wat reeds vroeg bestaan het. Belangrike Christelike sentrums soos Alexandrië, Antiochië en Konstantinopel het elk 'n ander fase van teksbewaring verteenwoordig.

As 'n mens die genoemde model langs die werk van Origenes en Eusebius plaas, kry mens ‘n samehangende prent, wat soos volg opgesom kan word:

[19] Vgl. GDS Smit, *Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die grondteks van die Nuwe Testament: ‘n Ondersoek na ‘n Reformatoriese model*, 2017, p. 18. Aanlyn beskikbaar by: https://gdssmit.wordpress.com/wp-content/uploads/2016/09/gds-smit-nuwe-tendense-en-moontlikhede-in-die-studie-van-die-grondteks-2017.pdf



Volgens hierdie model word aanvaar dat Eusebius se oorspronklike kopieë sterk Alexandrynse trekke gehad het, soveel so dat afgelei kan word dat hy gewerk het met die Alexandrynse tekste wat Origenes na Caesarea geneem het. Indien dit so was, was die Alexandrynse tradisie nie die teenpool van die Bisantynse teks nie, maar eerder die saad waaruit dit gegroei het. Sturz en Robinson se werk ondersteun die gedagte dat die Bisantynse teks organies uit vroeër tekste ontwikkel het. Die besondere rol van Caesarea en Eusebius in daardie ontwikkeling is die bydrae wat my model probeer bewys.

Die vyftig Bybels het ongelukkig nie oorleef nie, en niemand kan een daarvan gee om te vergelyk nie. Maar die historiese lyne is bewysbaar, en dui daarop dat die Bisantynse en Alexandrynse tekste nie teenoorgestelde tradisies is nie, maar susters, wie se wortels in die vroeë papiri lê.

Wat beteken dit vir Bybelvertaling?

Vir die gewone lidmaat kan tekskritiek klink na 'n onnodige stryd tussen verskillende kampe, hetsy Alexandryns teen Bisantyns, of die ou vertalings teen die nuwes. Die geskiedenis van Origenes en Eusebius vertel egter 'n ander verhaal. Die teksfamilies is nie vreemdelinge van mekaar nie, maar familielede met 'n gedeelde geskiedenis. Dieselfde boeke wat in 231 n.C. uit Alexandrië gekom het, staan aan die begin van 'n

lyn wat by die kerke van Konstantinopel uitkom, en uiteindelik weergawes het wat die Reformasie se primêre bronne vir Bybelvertaling word.

Dit is ook 'n bemoedigende verhaal wat vertel van die voorsienigheid van God. Die vyftig Bybels is verlore, maar hulle spoor is nie. Wie vandag 'n Griekse Nuwe Testament oopmaak, lees 'n teks wat deur Alexandrië, Caesarea en Konstantinopel gereis het, en op elke stadium deur mense versorg is wat geglo het dat hierdie woorde die moeite werd is om noukeurig oor te skryf, omdat dit God se Woord is.

—----------

Verdere leesstof en verwysings

Aland, Kurt en Barbara. *The Text of the New Testament*. Vert. Erroll F. Rhodes. Grand Rapids: Eerdmans, 1987.

Black, David Alan. *New Testament Textual Criticism: A Concise Guide*. Grand Rapids: Baker, 1994.

Eusebius van Caesarea. *Historia Ecclesiastica* VI.8, 19, 23, 26 en *Vita Constantini* IV.36.

Metzger, Bruce M. *The Text of the New Testament: Its Transmission, Corruption, and Restoration*. 3de uitg. New York: Oxford University Press, 1992.

Skeat, T.C. “The Codex Sinaiticus, the Codex Vaticanus and Constantine.” *Journal of Theological Studies* 50 (1999): 583–625.

Smit, G.D.S. *Nuwe tendense en moontlikhede in die studie van die grondteks van die Nuwe Testament: 'n Ondersoek na 'n Reformatoriese model*. Pretoria, 2017. Academia.edu

Sturz, Harry A. *The Byzantine Text-Type and New Testament Textual Criticism*. Nashville: Thomas Nelson, 1984.

Westcott, B.F. en F.J.A. Hort. *The New Testament in the Original Greek: Introduction and Appendix*. Cambridge en Londen: Macmillan, 1881.